# 8 Desember 2021 - Lesing 4 - Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

### Die Boek van Herinnering word as Volksfondament opgerig deur die Dogter van Sion in 1998-2002

**Maleagi 3:16** Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n **Boek van Herinnering** voor Sy Aangesig geskrywe vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer. [Odes van Salomo 23; Boekrol van Henog 99:3; JeshaJaH 29:18, 23; 66:4; JeségiEl 4:13; 36:23; 38:7]
3:17 En hulle sal My tot 'n **eiendom** wees, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag, **op die dag wat Ek herstel**, en Ek sal met hulle Medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom **dien**.
3:18 Dan sal julle weer die **onderskeid sien** tussen die regverdige en die besoedelde, tussen die wat Elohim dien en die wat Hom nie dien nie.

**Mattheus 12:42** Die **Koningin van die Suide** sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want Sy het gekom van die eindes van die Aarde af om die Wysheid van Salomo te hoor, **en - meer as Salomo is hier!** [Psalm 72:15]

**Jesaja 8:6 Omdat hierdie volk die waters van Shilóag verwerp het, wat saggies vloei, en daar vreugde is** saam met Resin en die seun van RemálJaHûW -
Isa 8:7 kyk, daarom sal My Meester oor hulle laat opkom, sterk en **magtige waters van die Eufraat** - die **koning van Assur** en al sy glansrykheid - en hy sal bo al sy beddings styg en gaan oor al sy walle;
Isa 8:8 en hy sal **in JeHûWdah** indring, instroom en oorloop; tot die nek toe sal hy kom; en die uitbreidinge van sy vlerke sal u Aarde in sy breedte vul, o ImmánuEl (ons met El)!

### Lukas 13:6-17, Die verhaal van die eindtyd Woord

**!994:**
13:6 EN Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n **Vyeboom (Boerevolk oorblyfsel)** gehad wat in Sy **Wingerd (IsraEL)** geplant was, en Hy het gekom en vrugte aan Haar gesoek en **niks gekry nie**. [JeshaJaH 27:3; 38:21]
**1997:**
13:7 Toe sê Hy vir die Tuinier (**Gees van Waarheid**): Kyk, **drie jaar** kom Ek om vrugte aan hierdie Vyeboom te soek en Ek **kry niks** nie; **kap Haar uit.** Waarvoor maak Sy die Aarde (**siele**) nog onvrugbaar?
**1998:**
13:8 Maar Sy antwoord en sê vir Hom: Meester, laat Haar nog **hierdie jaar** staan totdat ek **om Haar gespit en mis gegooi het**. [JeshaJaH 48:9]
13:9 As Sy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan U Haar anderjaar uitkap.
13:10 EN Hy was besig om op die Sabbat in een van die vergaderings te leer.
**2001:**
13:11 En daar was 'n **vrou (Dogter van Sion)** wat 'n **gees van krankheid agttien jaar** lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie.
13:12 En toe JaHWèshua **haar sien, roep Hy haar en sê:** Vrou, jy is van jou krankheid verlos.
13:13 En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en Elohim vereer.
13:14 Maar die owerste van die vergadering, wat verontwaardig was dat JaHWèshua op die Sabbat genees het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op dié dae en laat julle genees en nie op die Sabbatdag nie.
13:15 Toe antwoord die Meester hom en sê: Jou vals tweegesig, **maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie?** [Openbaring 12:14]
13:16 Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan - dink daaraan! - **agttien jaar lank gebind het,** moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?
13:17 En toe Hy dit sê, het al sy teëstanders beskaamd geword, en die hele skare was bly oor al die glorieryke dinge wat deur Hom gebeur het.



Maleagi 3:16